

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Aansoek Nr.: 1505/2006

In die saak tussen:

SEAKHUMUZI NM SECURITY BK

Applikant

en

SEDIBENG WATER

Respondent

UITSPRAAK:

VAN ZYL, R

AANGEHOOR OP:

22 JUNIE 2006

GELEWER OP:

8 SEPTEMBER 2006

[1] Applikant en respondent het op of omtrent 22 November 2001 'n skriftelike diensverskaffingsooreenkoms met mekaar gesluit, 'n afskrif waarvan aangeheg is tot die funderende verklaring as Aanhangsel "SNM1".

[2] Dit is gemeensaak dat ooreenkomstig die bepalinge van die skriftelike ooreenkoms, die partye onder andere op die volgende tersaaklike terme ooreengekom het:

1. Applikant het onderneem om sekuriteitsdienste aan respondent te lewer en opgeleide personeel te

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

voorsien aan respondent vir die verrigting van die
dienste gespesifiseer in Aanhangsel “B” tot die
ooreenkoms;

2. Respondent het onderneem om applikant te vergoed vir die sekuriteitsdienste en wel ooreenkomstig Aanhangsel “A” tot die ooreenkoms, welke kontraksprys tans die bedrag van R197 701,16 (BTW ingesluit) per maand beloop;
3. Applikant het respondent maandeliks in terme van klousule 4.4 van die ooreenkoms gefaktureer en is die bedrag verskuldig deur respondent aan applikant stiptelik betaal tot einde Oktober 2005;
3. Respondent het in terme van klousule 4.5 van die ooreenkoms onderneem om applikant te betaal binne vyf werksdae na datum van faktuur;
4. Die termyn van die ooreenkoms is aanvanklik op ooreengekom as synde 5 jaar te wees, welke tydperk op 31 Oktober 2006 verstryk, met ‘n opsie aan applikant om die ooreenkoms vir ‘n verdere 5 jaar te verleng;
5. Ooreenkomstig klousule 10 van die ooreenkoms moet alle dispute wat ontstaan tussen applikant en respondent in terme van klousules 4, 5, 7 en 9 van die ooreenkoms, vir arbitrasie verwys word.

[3] Dit is voorts gemeensaak dat applikant gedurende of ongeveer Junie 2004 in kennis gestel is deur die Private Security Industry Regulatory Authority (PSIRA) dat applikant aangekla word van die oortreding van sekere regulasies van PSIRA se gedragskode deurdat applikant na bewering gedurende Julie 2003 ene M.S. Mokolutlo aangewend het as ‘n sekuriteitsbeampte terwyl hy nie as ‘n

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

sekuriteitsbeampte geregistreer was nie en voorts dat applikant na bewering vals inligting en/of dokumentasie sou verskaf het aan sekuriteitsbeamptes in diens van applikant en ook aan PSIRA met betrekking tot die opleiding van applikant se sekuriteitsbeamptes en die kwalifikasies behaal deur sodanige sekuriteitspersoneel. Aldus applikant het applikant hom nie skuldig gemaak aan hierdie beweerde oortredings nie en het applikant sekere verduidelikings in die funderende stukke uiteengesit ter ondersteuning van sy onskuld met betrekking tot die beweerde oortredings. Applikant het egter 'n prokureur geraadpleeg met betrekking tot die aangeleentheid, waarop applikant deur die prokureur geadviseer is dat in die lig van die omvang van die saak, die regskoste van applikant sodanig sal wees dat dit meer sinvol is om die koste te bespaar deur skuldig te pleit op die klagtes en 'n boete ten opsigte daarvan te betaal. 'n Skrywe waarin hierdie advies en verduideliking uiteengesit is, is deur applikant se voormelde prokureur aan respondent gerig op 18 November 2004, 'n afskrif waarvan aangeheg is tot die

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

funderende aansoekstukke as Aanhangsel “SNM3”.

Applikant het voortspruitend uit voormelde advies wel skuldig gepleit, is skuldig bevind en sekere boetes opgelê, welke deur aplikant betaal is.

[4] Dit is voortspruitend uit voormelde skuldigbevindings wat die dispuut klaarblyklik tussen die partye ontstaan het. Respondent ontken dat aplikant skuldig gepleit het vanweë die advies wat aplikant van sy voormelde prokureur ontvang het. Aldus respondent was aplikant voorsien van sekere getuienis en/of bewyse met betrekking tot aplikant se wangedrag en is dit die rede waarom aplikant skuldig gepleit het, synde dat aplikant wel skuldig is en besef het dat hy geen verweer teen die aanklagte het nie.

[5] Verder voortspruitend uit voormelde skuldigbevindings, het respondent tot die gevolgtrekking gekom dat hy aplikant te veel betaal het in terme van die ooreenkoms en dat die bedrag van R806 350,08 deur aplikant aan respondent terugbetaalbaar is. Dit word deur aplikant ontken en beweer aplikant dat respondent eensydiglik tot die gevolgtrekking gekom het. Dit is aplikant se saak dat nieteenstaande die feit dat aplikant deur middel van sy lede en ook deur middel van sy regsverteenwoordigers verskeie vertoë aan respondent oor die aangeleentheid gerig het en dit ook bespreek is tydens vergaderings gehou op 22 September 2005 en 31 Oktober 2005, respondent eensydiglik en strydig met die terme van die skriftelike ooreenkoms sedert die einde van November 2005 begin het om ‘n bedrag van R67 195,84 van die ooreengekome maandelikse kontraksprys deur respondent aan aplikant verskuldig, af te trek. Hierdie bedrag is ook maandeliks gedurende die daaropvolgende maande aldus deur respondent van die kontraksprys aan aplikant verskuldig afgetrek en is slegs die balans van aplikant se fakture betaal.

Hierteenoor is dit respondent se saak dat daar gedurende

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

die vergadering van 31 Oktober 2005 ooreengekom is tussen die partye dat respondent die bedrag van R806 350,08 te veel aan applikant betaal het, dat laasgenoemde bedrag derhalwe aan respondent terugbetaalbaar is deur applikant en voorts dat die bedrag betaal sal word by wyse van 'n maandelikse aftrekking teen die ooreengekome kontraksprys in die bedrag van R67 195,84 ten einde die verskuldigheid binne twaalf maande te delg. Aldus respondent is daar voorts tydens hierdie vergadering ooreengekom dat respondent se prokureur 'n skulderkenning sal opstel wat deur applikant onderteken sou word en welke skulderkenning die terme van voormelde mondelinge ooreenkoms sou reflekteer. Aldus respondent was daar egter 'n oponthoud met die opstel van die skulderkenning en is dit eers op 7 Februarie 2006 aan applikant verskaf, maar het applikant geweier om dit te teken.

[6] Op grond van voormelde feite, het applikant die volgende bewerings in paragraaf 10 van sy funderende verklaring gemaak:

“10.

Applikant is geadviseer dat:

- 10.1 respondent strydig met die ooreenkoms optree en regtens geen basis het om eensydiglik gelde te verreken teen dit wat respondent aan applikant in terme van die ooreenkoms verskuldig is nie;
- 10.2 in die lig van die dispuut tussen applikant en respondent met betrekking tot die vraag of enige gelde deur respondent aan applikant te veel betaal is en wat die omvang van sodanige “**oorbetaling**” is, dit vir arbitrasie verwys moet word ten einde 'n beslissing daaroor te bekom;

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

10.3 die respondent gekies het om die ooreenkoms in stand te hou en dit nie gekanselleer het nie en dat respondent klaarblyklik kontrakbreuk pleeg deur strydig met die skriftelike ooreenkoms nie die volle ooreengekome kontraksprys aan applikant maandeliks oor te betaal nie maar eie rigting toe te pas en sonder 'n beslissing deur 'n arbiter eensydiglik die bedrag vanaf die kontraksprys af te trek.”

[7] Die regshulp wat deur applikant gevorder word, is in wese 'n kombinasie van finale en tussentydse regshulp. Die finale regshulp wat versoek word, is dat respondent beveel word om die bedrag van R335 979,20 deur respondent afgetrek vanaf die ooreengekome kontraksprys aan applikant verskuldig vir die maande November 2005, Desember 2005, Januarie 2006, Februarie 2006 en Maart 2006 aan applikant te betaal, tesame met enige verdere bedrae deur respondent vanaf die ooreengekome kontraksprys afgetrek na uitreiking van die aansoek.

Daar is ook 'n aansoek vir tussentydse regshulp, synde dat respondent verbied word om enige verdere gelde af te trek of af te sit teen die ooreengekome kontraksprys, hangende die finalisering van arbitrasie verrigtinge deur applikant teen die respondent ingestel te word binne 60 dae na verlening van die hofbevel.

Applikant versoek ook dat respondent gelas word om die koste van die aansoek te betaal.

[8] Soos reeds hierbo vermeld, is respondent se verweer tot dien effekte dat die partye mondelings ooreengekom het dat die bedrag van R806 350,08 te veel deur respondent aan applikant betaal is en dat applikant dit derhalwe aan respondent moet terugbetaal, asook dat mondelings ooreengekom is dat voormelde terugbetalings sal geskied by wyse van 12 maandelikse paaielemente ten bedrae van R67 195,84. In die betoogshoofde van Mnr. Dlavane, wie namens respondent verskyn het, word respondent se verweer egter aangepas en/of uitgebrei as synde een van skuldvergelyking te wees, welke verweer nie pertinent in sodanige woorde in die opponerende stukke geopper is nie. In die verband lees paragraaf 5 van Mnr. Dlavane se betoogshoofde as

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

volg:

“At a meeting of the 31st October 2005 Applicant and Respondent agreed on the said amount owing and the need that same is to be refunded to Respondent monthly at R67 195,84 as a set-off against Respondent’s claim. That a set-off is possible in such an instance vide:” (waarna na sekere gesag verwys word.)

[9] Gegewe bogenoemde, is daar heeltemal tereg deur Mnr. De Wet, namens applikant, in paragraaf 6 van sy betoogshoofde uitgewys dat daar `n dispuut tussen die partye bestaan met betrekking tot die vrae of:

- “6.1 applikant enigsins oorbetaal is, en dien wel;
- 6.2 respondent eensydiglik die bedrag van **R806 350,08** wat na bewering te veel aan applikant betaal is, bepaal het;
- 6.3 respondent eensydiglik besluit het om **R67 195,84** maandeliks vanaf applikant se kontraksprys af te trek.”

Mnr. De Wet het betoog dat bogemelde dispute tipies die dispute is waarvoor die partye in klousule 10 van die skriftelike ooreenkoms voorsiening gemaak het om deur arbitrasie opgelos te word.

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

[10] Met betrekking tot die vraag of daar 'n mondelinge ooreenkoms gesluit is soos beweer deur respondent, al dan nie, blyk daar op sigwaarde 'n feite dispuut ten opsigte hiervan op die aansoekstukke te bestaan. As die bewerings met betrekking tot hierdie beweerde mondelinge ooreenkoms en die omliggende feite en omstandighede, van nader beskou word, blyk die volgende egter:

1. Respondent het duidelik aanvaar dat applikant inderdaad skuldig is aan die dissiplinêre klagtes deur PSIRA, nieteenstaande applikant se verduideliking dat hy vir doelmatigheidsredes geadviseer is om skuldig te pleit en nie omdat hy skuldig was nie, welke bewerings van applikant ook deur sy destydse prokureur gestaaf word.
2. Applikant beweer dat daar ten tyde van die vergaderings gehou op 22 September 2005 en 31 Oktober 2005 besprekings was oor die beweerde oorbetalings wat deur respondent aan applikant gemaak is en dat daar ooreengekom is dat respondent se interne oudit-afdeling applikant se verhoë sal oorweeg, die redes vir applikant se skuldig pleit in aanmerking sal neem en dan tot 'n finale beslissing sal kom. (Funderende verklaring, p. 13, paragrawe 8.1 en 8.2).

Hierteenoor beweer respondent dat respondent nooit onderneem het om enige versoek gemaak deur applikant te laat oorweeg deur respondent se interne oudit-afdeling nie en is daar reeds op daardie

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

vergadering ooreengekom dat die bedrag R806 350,08 te veel betaal is aan applikant en dat applikant dit aan respondent sal terugbetaal in maandelikse paaieimente van R67 195,84. (Opponerende verklaring, p. 65 tot 66, paragraaf 2.7).

Na my mening word applikant se weergawe egter gestaaf en respondent se weergawe weerspreek deur die skrywe van respondent, gedateer 6 Februarie 2006, aangeheg as Aanhangsel "SNM4" tot die funderende verklaring, waarin daar onder andere as volg vermeld word:

"Internal audit has completed its investigation as agreed in the meeting dated 22 September 2005 and 31 October 2005."

en

"Internal Audit recommends that the total amount of R806 350,08 (Eight Hundred And six Thousand, Three Hundred and Fifty Eights Cents) in respect of over-payment made,

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

which was contrary to service level agreement, should be refunded back to Sedibeng Water.”

(Opponerende verklaring, Aanhangsel “SNM4”, p. 47 tot 48.)

Die bewoording van hierdie skrywe van respondent is duidelik tot die effek dat die interne oudit eers op daardie stadium, synde 6 Februarie 2006, finaal afgehandel was en dat daar eers op daardie stadium ‘n aanbeveling was dat die bepaalde bedrag aan respondent terugbetaal moes word. Dit strook met applikant se weergawe en is nie versoenbaar met respondent se weergawe nie.

3. Die feit dat die skulderkenning op 7 Februarie 2006, synde een dag na laasgenoemde skrywe, aan applikant verskaf is vir ondertekening, is na my mening verder bevestigend daarvan dat daar nie reeds op die vergadering van 31 Oktober 2005 enige ooreenkoms

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

met betrekking tot die verskuldigde bedrag en/of die terugbetaling daarvan en/of die wyse van terugbetaling daarvan, bereik is nie.

4. Indien applikant en respondent wel 'n ooreenkoms bereik het met betrekking tot die beweerde verskuldigde bedrag en die terugbetaling daarvan deur applikant aan respondent, is daar geen verklaarbare rede waarom applikant dan sou geweier het om die skulderkenning te onderteken op die stadium wat dit aan applikant vir ondertekening voorgelê was nie. Die feit dat applikant geweier het om dit te onderteken, is na my mening weereens in ooreenstemming met applikant se weergawe dat daar nie 'n ooreenkoms ten opsigte van enige verskuldigheid deur applikant aan respondent, die bedrag daarvan of die terugbetaling daarvan was nie.

5. Dit is voorts onwaarskynlik dat applikant sou toestem tot die beweerde verskuldigheid en die beweerde

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

reëling met betrekking tot die terugbetaling daarvan, aangesien dit onbetwis uit die aansoekstukke blyk dat hierdie maandelikse aftrekking applikant finansieel sou ruïneer. (Funderende verklaring, p. 16 – 17, paragraaf 12.1 tot 12.4; en Opponerende verklaring p. 67, paragraaf 2.10.)

6. Ten spyte daarvan dat daar in die skriftelike ooreenkoms 'n opsie ten gunste van applikant beding is om die ooreenkoms vir 'n verdere 5 jaar te verleng, is applikant meegedeel dat die ooreenkoms deur respondent beëindig gaan word op 31 Oktober 2006. Hierdie voorgenome (eensydige) kansellasië van die ooreenkoms/nie-verlenging van die ooreenkoms strook met die wyse waarop die maandelikse betalingsbedrag bereken is, synde 12 paaiemente ten bedrae van R67 195,84 wat dan teen 31 Oktober 2006 die totale bedrag van R806 350,80 sou teweegbring.
7. Inaggenome dat daar verskeie senior beamptes

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

namens respondent die vergadering op 31 Oktober 2005 bygewoon het, kom dit uiters vreemd voor dat daar nie behoorlike bevestigende beëdigde verklarings deur sodanige beamptes geliasseer is nie, veral inaggenome dat die beweerde mondelinge ooreenkoms wat op die vergadering bereik is, die wese van respondent se verweer daarstel. Daar is ook nie deur respondent gepoog om enige notule van sodanige vergadering tot die aansoekstukke aan te heg en/of eers te beweer dat daar nie sodanige notule bestaan nie.

- [12] In die vooropstelling is die waarskynlikhede na my mening oorweldigend ten gunste van applikant dat daar nie 'n mondelinge ooreenkoms tussen applikant en respondent bereik is soos deur respondent beweer nie en dat respondent eensydiglik besluit het dat applikant oorbetaal is, wat die bedrag van die oorbetaling is en hoe dit terugbetaal moet word. Na my mening is hierdie 'n geval waar respondent se weergawe ten opsigte hiervan, ten

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

spyte van die oënskynlike feite dispuut daaromtrent, verwerp kan word as gevolg van die inherente geloofwaardigheid van applikant se feitelike bewerings en die inherente onwaarskynlikheid van respondent se bewerings. (Sien **PLASCON-EVANS PAINTS v VAN RIEBEECK PAINTS** 1984 (3) SA 623 (AD) op 634 F – 635 C.)

[13] Addisioneel tot laasgenoemde bevinding, moet daar ook op gelet word dat die skriftelike ooreenkoms in ieder geval die volgende terme bevat:

1. Klousule 11 van die ooreenkoms lees as volg:

“ALTERATIONS/CHANGES TO CONTRACT

11.1 No alteration or change or cancellation of this agreement or any of its appendices will be valid unless it is in writing and signed by both parties to this agreement.”

2. Klousule 12 lees as volg:

“TOTAL AGREEMENT

12.1 This agreement as well as the appendices mentioned in this agreement and attached to this agreement, states the total agreement between the parties regarding the subject of the agreement, and the parties acknowledge that no understanding, guarantee or commitment exist between the parties, which is not contained in this agreement.”

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

3. Klousule 4.4 van die ooreenkoms lees as volg:

“4.4 The service provider will invoice the client on a monthly basis for the fees due as per the contract inclusive of VAT (Value Added Tax) at the applicable rate.”

4. Klousule 4.5 van die ooreenkoms lees as volg:

“4.5 The client agrees to pay such fees to the service provider not later than 5 (five) working days of the date of the invoice.”

[14] Dit is dus duidelik dat die beweerde mondelinge ooreenkoms waarop respondent poog om te steun 'n wysiging van beide klousules 4.4 en 4.5 van die skriftelike ooreenkoms daarstel, deurdat dit tot gevolg sal hê dat die volle ooreengekome en gefaktureerde bedrag daardeur verminder word of gelde daarteen in skuldvergelyking afgetrek word en applikant dan vir sodanige mindere bedrag deur respondent betaal word. Gegewe die inhoud van klousule 12 van die skriftelike ooreenkoms,

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

saamgelees met klousule 11 daarvan, sal sodanige beweerde mondelinge ooreenkoms in ieder geval nietig en onafdwingbaar wees. In die verband is dit nou geykte reg dat 'n bepaling in 'n kontrak wat mondelinge wysiging van die kontrak verbied (soos klousule 11 in die geval), geldig en afdwingbaar is en tot gevolg het dat 'n daaropvolgende mondelinge ooreenkoms ter wysiging van die skriftelike ooreenkoms, van nul en gener waarde is.

Sien **S.A. SENTRALE KO-OP GRAANMAATSKAPPY**

BEPERK v SHIFREN EN ANDERE 1964 (4) SA 760 (A) op

766 H tot 767 D:

“Waar partye so 'n bepaling in hul kontrak ingelyf het, d.w.s. 'n bepaling wat nie slegs ander bedinge nie, maar ook homself teen mondelinge wysiging heet te beveilig, kan ek geen rede vind waarom die een party nie die ander daaraan gebonde kan hou nie. Hul klaarblyklike doel met so 'n bepaling is om te waak teen die geskille en bewysmoeilikhede wat by mondelinge ooreenkomste kan ontstaan. Om albei daarteen te beskerm kom hulle uitdruklik ooreen dat mondelinge wysigende ooreenkomste, ook wat die verskansende beding

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

self betref, al word hul *animo contrahendi* aangegaan, tussen hul van nul en gener waarde sal wees. Indien 'n party, uit hoofde juis van 'n mondelinge wysiging, belet sou word om hom op so 'n beding te beroep, sou ons hier met 'n soort kontrak te doen hê wat sonder meer nie deur 'n hof afgedwing word nie. Dit sou 'n opvallende afwyking wees van die elementêre en grondliggende algemene beginsel dat kontrakte wat vryelik en in alle erns deur bevoegde partye aangegaan is, in die openbare belang afgedwing word.... Om genoemde redes moet die eerste vraag hierbo genoem, nl. of hierdie kontrak mondeling gewysig kan word, na my mening ontkennend beantwoord word.”

Sien ook **HNR PROPERTIES CC AND ANOTHER v STANDARD BANK OF SA LTD** 2004 (4) SA 471 (SCA) op 479 B – E.

- [15] Wat betref respondent se verweer van skuldvergelyking wat in die betoogshoofde namens respondent aangespreek word, is dit 'n vereiste dat sodanige verweer gepleit en bewys moet word op dieselfde wyse as 'n verweer van betaling. (Sien **SCHIERHOUT v UNION GOVERNMENT**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(MINISTER OF JUSTICE) 1926 AD 286 op 290; sien ook

MAHOMED v NAGDEE 1952 (1) SA 410 (AD) op 416

G – H. Na my mening het respondent in hierdie aangeleentheid nie spesifiek en pertinent skuldvergelyking as 'n verweer in sy opponerende verklaring openbaar nie. Selfs indien ten gunste van respondent aanvaar sou word dat hy wel gepoog het om dit te doen en dat daar dus geag moet word aan hierdie prosedurele vereiste voldoen te wees, is daar steeds sekere vereistes wat deur respondent bewys moes word alvorens respondent suksesvol kan wees met die verweer van skuldvergelyking. Hierdie vereistes kan as volg saamgevat word:

“A party wishing to rely on set-off must allege and proof the following:

- a) the indebtedness of the plaintiff to the defendant;
- b) that the defendant's debt is also due and legally payable;
- c) that both debts are liquidated debts; and
- d) that the reciprocal debt was owed by the plaintiff to the defendant.”

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Sien **AMLER'S PRECEDENTS OF PLEADINGS**, 6th

Edition, HARMS, op p. 312 tot 313.)

Wat die vereiste van likiditeit betref, moet sodanige vordering aan die volgende voldoen:

“For set-off to operate the defendant must be in the position to say ‘the plaintiff owes me a debt’, rather than ‘I have a claim against him’. That is to say that the debt must be liquidated in the sense described by Innes CJ in *Treasurer-General v Van Vuren* 1905 TS 582 589:

‘The law requires that a debt which it is desired to oppose by way of set-off must be of a liquidated nature. It need not be liquid in the sense in which that word is now used in our practice. According to Vinnius, if not admitted by the other side it must be capable of easy and speedy proof. Pothier says a debt is liquidated when it is evident that it is due, and to what amount....’”

(Sien: **THE LAW OF CONTRACT**, R H Christie, 4th

Edition, op p. 554.)

[16] Na my mening voldoen respondent se beweerde skuldvergelykende vordering teen applikant nie aan bogemelde vereistes nie, in besonder nie aan die vereistes dat dit ‘n gelikwideerde vordering moet wees nie. Of applikant enige betaling aan respondent verskuldig is, en indien wel, wat die bedrag daarvan is, is juis wat in dispuut is tussen die partye en ooreenkomstig klousule 10 van die skriftelike ooreenkoms vir arbitrasie verwys moet word. Gevolglik is ek van mening dat

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

respondent nie suksesvol kan wees met hierdie verweer nie en nie geregtig was om op die basis van skuldvergelyking die maandelikse aftrekkings kon maak nie.

[17] In die vooropstelling is ek van mening dat die maandelikse aftrekkings wat respondent tot op hede gemaak het en klaarblyklik voornemens is om steeds in die toekoms te maak totdat die bedrag van R806 350,08 deur applikant aan respondent terugbetaal is, eensydige en onregmatige optrede daarstel aan die kant van respondent, welke optrede 'n verbreking van die terme van die skriftelike ooreenkoms gesluit tussen die partye, daarstel. Dit is duidelik dat die dispuut tussen die partye 'n dispuut daarstel soos voorsien in klousule 10 van die skriftelike ooreenkoms en het Mnr. Dlavane ook sodanig toegegee beide in sy betoogshoofde en ten tyde van die aanhoor van die aansoek. Tot tyd en wyl die dispuut tussen die partye by wyse van arbitrasie besleg is, is applikant gevolglik in terme van die skriftelike ooreenkoms geregtig om maandeliks die volle ooreengekome kontraksprys vanaf respondent te ontvang en is respondent verplig om dit aldus aan applikant oor te betaal.

[18] Wat die instel van die arbitrasieverrigtinge betref, het die Kennisgewing van Mosie verwys na arbitrasieverrigtinge wat deur applikant teen respondent ingestel staan te word. Die partye was dit egter eens ten tyde van die aanhoor van die onderhawige aansoek dat sodanige arbitrasieverrigtinge inderdaad deur respondent ingestel sal moet word. Gevolglik sal die bevel wat ek voornemens is om te maak, verwys na arbitrasieverrigtinge wat deur respondent ingestel staan te word.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

[19] Volledigheidshalwe word vermeld dat gegewe die datum waarop hierdie uitspraak gegee word, ek aanvaar dat bereken tot en met einde Augustus 2006, respondent tot op datum reeds 10 maande se aftrekkings gemaak het en derhalwe tans die bedrag van R671 958,40 aan applikant verskuldig is.

[20] In die vooropstelling word die volgende bevele verleen:

1. Respondent word beveel om die bedrag van

R671 958,40 (seshonderd een en sewentig duisend

negehonderd agt en vyftig rand en veertig sent) aan

applikant te betaal.

2. Hangende die finalisering van arbitrasieverrigtinge ingestel te word deur respondent teen applikant ooreenkomstig klousule 10 van die skriftelike ooreenkoms gesluit tussen die partye, gedateer 22 November 2001, welke arbitrasieverrigtinge ingestel moet word binne 60 (sestig) dae na verlening van hierdie bevel, word respondent:

2.1 beveel om die volle kontraksprys verskuldig aan applikant in terme van en voortspruitend uit voormelde skriftelike ooreenkoms te betaal en wel binne 5 (vyf) werksdae na datum van applikant se faktuur soos ooreengekom; en

2.2 verbied om enige verdere geld af te trek van of

in skuldvergelyking te bring teen die

ooreengekome kontraksprys deur respondent

aan applikant verskuldig in terme van die

voormelde skriftelike ooreenkoms.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

3. Respondent word beveel om die koste van die
aansoek te betaal.

C. VAN ZYL, R

Namens die applikant:	Adv. P.J.T. de Wet In opdrag van: Symington & De Kok BLOEMFONTEIN
Namens die respondent:	Adv. M.A. Dlavane In opdrag van: S Silent Prokureurs c/o N.W. Phalatsi & Partners BLOEMFONTEIN

/em